## Krisisse en Geleenthede van die Een-en-twintigste Eeu

**Timothy Garton Ash, *Free World***
Penguin, 2005
317 pp
Soft cover
ISBN 0 14101 681 7
R110.00

Hierdie nuwe sagteband-uitgawe van die wêreldbekende Oxfordse historikus Timothy Garton Ash, vroeër vanjaar deur die Amerikaanse nuustydskrif *Time* gelys as een van die honderd jonger mense in die wêreld om dop te hou, is in twee opsigte 'n werk van besondere historiese betekenis. In die eerste plek is dit van belang omdat dit 'n een-en-twintigste-eeuse idealistiese teenpool vir die twintigste-eeuse pessimistiese studie van Oswald Spengler se *Untergang des Abendlandes* (1918) bied. Beide werke bied 'n panoramiese visie oor die geskiedenis van wat betreklik algemeen as die Weste beskryf is – weliswaar in Spengler se werk 'n Weste wat net Wes-Europa ingesluit het. Albei skryf oor die groot krisis wat die Weste van hulle tyd bedreig, maar waar Spengler besonder pessimisties is, is Ash buitengewoon idealisties oor die moontlikhede vir die Weste om die leiding in die wêreld te neem, ten einde teen die jaar 2025 'n nuwe wêreld van vryheid en vrede te skep.

Dit is tweedens van betekenis omdat Ash groot bekendheid verwerf het as 'n historikus van die hede en indringende studies oor gebeure in Europa en die wêreld sedert die einde van die Koue Oorlog geskryf het. As historikus is sy visie panoramies omdat hy wyd ingestudeer is op die geskiedenis van beskawings en internasionale gebeure, maar hy bly bowenal 'n Engelse historikus en erken en aanvaar dit. Daarby is hy ook Direkteur van die Instituut vir Europese Studies aan Oxford en 'n wêreldberese navorser en gespreksgenoot. Die onderwerpe van sy sewe vorige werke wissel van die Poolse Rewolusie (waarin die vakbondbeweging Solidariteit so 'n belangrike rol gespeel het), tot sy studie oor demokrasie en die hedendaagse waarde en betekenis daarvan.

Hierdie sagteband-uitgawe is 'n heruitgawe van die boek wat in September 2004 verskyn het en soveel reaksie uitgelok het dat dit tot die skepping van 'n spesiale webtuiste gelei het. Op die webwerf word die vryheidsideale wat in die boek verkondig word, deur internasionale gesprek bevorder. Wat van die tweede uitgawe belangrik is, is dat drie rigtinggewende gebeurtenisse sedert die eerste uitgawe en die skryf van hierdie een plaasgevind het, naamlik die Oranje Rewolusie in die Oekraïne op 7 Desember 2004, die Amerikaanse presidentsverkiesing op

3 November 2004 en die moord op Pim Fortuyn in Amsterdam. Waar eersgenoemde hom met nuwe idealisme en hoop vir die verwesenliking van sy visie vir vryheid vervul het, het laasgenoemde twee die donker strome van 'n Spengleriaanse beklemming by hom geskep. 'n Mens kan net gis oor hoeveel dieper dié stroom by hom moes geword het na die uitslag van die referendum oor die grondwet vir 'n verenigde Europa wat deur die kiesers in Frankryk en Nederland verwerp is, asook die bomontploffings in Londen op 7 en 21 Julie 2005.

Dit is 'n besonder deurdagte en stimulerende studie, al klink die slothoofstuk oor wat gewone mense te doen staan om hierdie nuwe orde moontlik te maak – na aanleiding van Lenin se beroemde stuk *What should be done?* – meer soos 'n emosionele preek oor die benutting van jou kanse, eerder as 'n aksieprogram.

Die boek bestaan uit twee dele. In die eerste word die Weste, en by implikasie die wêreld, se krisis van die een-en-twintigste eeu bespreek. 'n Korter tweede gedeelte handel oor die geleenthede wat die krisis bied. Anders as Spengler, glo Ash in die verantwoordelikheid van die Weste om in hierdie krisis aan die wêreld leiding te gee, leiding waardeur die Weste sy demokratiese en vryheidswaardes na die res van die wêreld moet uitbrei op ander metodes as deur nasiebou en inmenging in die huishoudelike sake van ander lande. Om hierdie rede is Ash besonder krities oor die Amerikaanse optrede in die Midde-Ooste en veral in Irak. Ash staan krities teenoor die gebruik van die woord krisis, maar wend dit tog by gebrek aan 'n beter begrip aan. Hy het probleme met die populêre gebruik van die woord, want dit impliseer 'n toestand wat, soos Spengler dit gesien het, tot verval en agteruitgang lei. Hy beskou krisis in die sin waarin 'n siek persoon 'n krisis bereik: die oomblik waarin hy òf gaan herstel, òf gaan verswak. Vir hom beteken krisis die geleentheid tot herstel, nie verdere verval nie, maar dan moet medisyne vir die pasiënt voorgeskryf word en moet dit streng volgens die voorskrif gebruik word. Dit is presies die doel van sy boek – om medisyne vir 'n siek Weste en wêreld voor te skryf.

Die probleem met die huidige krisis is dat 'n verkeerde diagnose gemaak word. In teenstelling met die samewerking tussen die VSA en Europa gedurende en veral met die beëindiging van die Koue Oorlog, het hulle paaie sedertdien in meerdere beleidsopsigte uitmekaar geloop. Dit blyk veral op vier terreine: beleid in die Nabye en Midde-Ooste wat 'n hoogtepunt bereik het met die skerp konfrontasie oor optrede teen Saddam Hoesein; beleid teenoor die Verre Ooste en veral China; beleid ten opsigte van armoede-verligting en ontwikkelingshulp; en beleid ten opsigte van omgewingsvraagstukke wat 'n hoogtepunt bereik het met die

diepgaande verskil oor die Kioto Protokolle oor aardverwarming en die vrystelling van gasse. Hierdie verskille het aan weerskante van die Atlantiese Oseaan in die George W. Bush-regeringstyd tot diepgaande verwydering gelei. Bush se standpunt dat die VSA nie die samewerking van Europese of internasionale organisasies nodig het om Amerikaanse mag en invloed te laat geld nie en net met 'n bondgenootskap van vrywilligers wat bereid is om Amerikaanse leiding te aanvaar, sal optree, het heftige reaksie in Europa tot gevolg gehad. Anti-Amerikanisme en anti-Europeanisme het sterk gegroei. Dit het aansluiting gevind by die eeu oue Frans-Britse vyandskap, soos in die hedendaagse wêreld deur Churchillianisme en Gaullisme verteenwoordig. Terselfdertyd het Brittanje in 'n koersloosheid verdwaal waarin dit probeer om sy ouwêreldse spesiale verhouding met die VSA, maar ook tegelykertyd goeie verhoudinge met Europa en die Statebond te handhaaf. Brittanje se Janus-beleid isoleer hom net meer van Europa. Tony Blair se konstruktiewe pro-Amerikaanse én pro-Europese beleid het met sy steun aan Bush in Irak 'n knou gekry. Sy konsep dat Brittanje die brug tussen Europa en die VSA moet vorm, is vir Europese leiers onaanvaarbaar. Hulle het geen brug nodig vir kontak met die VSA nie.

Hierdie stereotipering van mekaar is nie in ooreenstemming met die werklikheid nie. Ten spyte van die standpunte van Europese denkers van aansien soos Jacques Derrida en Jürgen Habermas oor die onversoenbaarheid van Amerikaanse en Europese waardes, argumenteer Ash dat dit op 'n verkeerde lees van die geskiedenis gebaseer is. Amerika en Europa het veel meer faktore en kragte wat hulle saambind as wat hulle verdeel. Daarom moet die groot gebied van gedeelde waardes eerder die basis van verhoudinge en van hulle rol in die hantering van die wêreld se vier groot vraagstukke vorm, as die klein gebied van dit waaroor hulle verskil.

Ash stel hom in die tweede deel ten doel om 'n visie vir die jaar 2025 te ontwikkel. Die toekoms van VSA-Europese betrekkinge hang daarvan af of Neo-Gaullisme en -Churchillianisme in Europa oor Atlantisisme triomfeer en of in Amerika neo-konserwatiewes se unilateralisme oor die liberales se multilateralisme seëvier. As neo-Gaullisme en unilateralisme seëvier, is die Weste gedoem om uiteindelik teen die jaar 2040 voor die opkomende mag van die Ooste, soos veral verteenwoordig deur China en Indië, te swig. Seëvier Atlantisisme en multilateralisme, bied dit vir Europa die geleentheid om teen 2025 nuwe bondgenootskappe met die Ooste aan te gaan en die Midde-Ooste op die weg na demokratiese vrye regerings te plaas, sonder die aanwending van militêre mag. Dan sal Europa die boodskap van die egte waarde van

vryheid en demokrasie kan uitdra na die res van die wêreld. Daar is egter een belangrike voorwaarde. Daar moet afgesien word van die gedagte dat die Amerikaanse politieke en ekonomiese stelsel die model vir die wêreld is. Verskillende modelle wat vryheid, demokrasie en vooruitgang kan skep, moet erken en aanvaar word. Daarmee sal die groot kloof tussen Amerikaanse en Europese waardes waarvan daar nou so 'n ophef binne Amerika en Europa gemaak word, verdwyn. Brittanje moet ook van sy Euroskeptisisme bevry word en Duitsland moet die verantwoordelikheid aanvaar om as bemiddelaar tussen Brittanje en Frankryk op te tree. Amerika moet op sy beurt 'n entoesiastiese ondersteuner van Europese eenheid word en aanvaar dat Europa eventueel uit 43 state kan bestaan, wat die Moslemstate Marokko en Turkye sal insluit, asook state uit die Ortodokse State van Oos-Europa.

Ash se boek is voor die referendums in Frankryk en Nederland geskryf. Blair se besluit om nie meer 'n Britse referendum oor die Europese grondwet te hou nie, skep vir die pro-Europeërs in Brittanje nuwe probleme. Daardie referendums het nie oor die soort Gaullisme en Atlantisisme waaroor Ash skryf, gehandel nie, maar wel oor 'n ander soort Gaullisme, naamlik die reg van kiesers om deur hulle eie nasionale regerings hulle belange in Europa te bevorder en nie uitgelewer te word aan 'n onpersoonlike burokrasie in Brussel vir wie hulle nie tot verantwoording kan roep nie. Dit maak Ash se boek nie minder indrukwekkend en boeiend nie. Trouens, die reaksie op die eerste uitgawe het reeds getoon dat sy boek as 'n nuwe manifes vir die liberaal-realistiese skool in internasionale verhoudinge beskou word.

Die boek is ook geskryf voor die sogenaamde 7/7 en 21/7 bomontploffings wat in 2005 in Londen plasgevind het. Hierdie ontploffings sal Ash se oortuiging versterk dat terrorisme nie finaal deur militêre maatreëls opgelos kan word nie, maar net deur die sosio-politieke oorsake daarvan te bestry. Of dit op die korter termyn 'n realistiese standpunt is, is te betwyfel. Om die werklike oorsake van terrorisme te hanteer, moet veral die VSA ophou om homself as model vir die wêreld voor te hou en om sy siening van vryheid en ontwikkeling eensydig op die wêreld af te dwing. Die VSA sal by Europa moet leer dat volke en state 'n eie geskiedenis, trots en begeerte na vryheid ontwikkel het, wat hy sal moet leer eerbiedig. Die VSA moet daarom leer om nie soos die nuwe Verligte Ryk van die een-en-twintigste eeu op te tree nie.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat